

11 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 2:12-17

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22-23; Openbaring 2:13

Die Heilige Gees maak jou 100% geloofwaardig!

Die Griekse woord vir “getrouheid” is “pistis” en die werkwoord daarvoor is “pisteo”. Die woord “pistis” beteken: “dit wat geheel en al geloofwaardig is; geloofwaardigheid en betroubaarheid; om ten volle op iemand te vertrou; geloof.”

“Pistis” wys ook op die inhoud van die Christelike geloof. Dus, om te glo in die goeie nuus dat Jesus Christus die Verlosser is en om dan ’n Christengelowe en ’n navolger van Christus te word. “Pistis” beteken ook “’n eed van getrouheid”. ’n Gelowe hou hom by sy woord, hy doen wat hy sê en belowe, ja, ’n gelowe is verplig om getrou te wees. “Pistis” as deel van die vrug van die Heilige Gees is dat u/jy ’n getroue mens is, dat jy 100% geloofwaardig is, dat jy betroubaar is. Sjoë, dit is wonderlik!

In Openbaring 2:12-17 word die woord “pistis” ook gebruik. Dit is die boodskap van Jesus Christus aan Pergamum. In Pergamum was die god van genesing onder die teken van die slang aanbid. Die keiser is ook as god aanbid. Wat egter uitstaan, is die getrouheid van die gelowiges aan God. Tog spreek Jesus hulle aan omdat hulle ’n kompromis met die afgodery aangaan. Die gelowiges het in Jesus Christus geglo, maar ter wille van die oorlewing in die gemeenskap het hulle ook aan die afgodsfeeste deelgeneem. So kan dit nie, óf jy is getrou, óf jy is ontrou.

Hoe tree jy op? Watter kompromis is daar in jou lewe? Besef jy dat jy daarmee aan God ontrou is? Ek en jy is hieraan skuldig. Genadiglik gee God sy Heilige Gees aan jou en die Heilige Gees woon in jou. Die Heilige Gees maak jou 100% geloofwaardig, omdat Jesus Christus jou skoonmaak. Die vrug van die Heilige Gees maak jou betroubaar en getrou!

Sing: Psalm 25:5

Ds. J van Schaik (Randburg)